

Druppels

Waterval- Gemeente

junie 2022




ROEPING

Vader, ek dank U vir hierdie Paulusgebed;
"Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou."
Daarom bid ek vir ons gesin se roeping, Here. Ek bid dat ons sal besef hoe U ons gemaak het, en hoeveel hoop daar in U roeping vir ons is. Vader, plaas asseblief U droom in ons harte en gee ons die deursettingsvermoe om dit doelgerig na te streef. Beskerm ons daarvan dat ons van ons roeping sal afwyk wanneer ander mense allerlei negatiewe dinge sê of wanneer ons moedeloosheid of twyfel of vrees ons oorval. Help ons om op U tyd te wag. Hoor ons as ons U vir rigting vra, en help ons om in vrede op U antwoord te wag.

Amen

Afkondigings

**Pinkster Sondag
5 Junie 2022**



**Manne Kuier
Saterdag
11 Junie 2022
9.30 vir 10.00**

Spreker : Jan Grobbelaar



Geelbladsye



VUURSPEL HOUT

Hout te koop

Sekelbos - Klein sak @R20
Black Wattle - Groot sak @R80
Klein sak @R20
Kontak Thys du Preez - 073 166 7465

B&H Draughting Services.

Vir alle "AD-HOC" Staal Struktuur en Meganiese teken in 2D en 3D
Dan doen ek ook ligte staal werk van die huis af:
Herstelwerk en bou van hekke, heinings, diefwerings ens.
Kontak: Bennie Badenhorst
084 3601253
E-pos. bhdraughting@gmail.com



**Tuisgemaakte konfyt
@R40
Willie 082 680 1473**



19 Junie 2022



**Eiers beskikbaar
Hilda 074 408 0392**

Archie se Legacy

Ons het met Archie se tyd voor sy dood geleer dat nie almal is gereed om hierdie lewe agter te laat nie. Ons bedoel nie noodwendig dat iemand se saak met die Here nie altyd reg is nie. Dit gaan hier oor n mens se aardse goed. Jou testament en jou boedelbeplanning. Is joune in orde.

Ons wil in Waterval Gemeente juis hierdie diens aanbied:

Die opstel van jou testament, jou dokumente, jou reëlins rondom jou begrafnis/verassing, jou opstel van 'n leër met al die belangrike dokumente en dies meer.

Kontak ons Kerkkantoor vir meer.

Ons help jou graag.

Ds Willie



Dokumente soos:

1. Jou testament, die heel belangrikste dokument. Het jy een?
2. Id Dokumente
3. Huwelikssertifikaat
4. Egskeiding bevel
5. Dood sertifikate (van jou huweliksmat ook benodig)
6. Belasting nommer
7. Akte van jou afbetaalde huis of verbands staat
8. Munisipale rekening
9. Motorvoertuig registrasie papiere
10. Selfoon kontrakte
11. Bewyse van jou Bankrekening
11. Bewyse van al jou beleggings/aandele sertifikate/pensioenfonds
12. Jou korttermyn polis (huisinhoud en motors)
13. Jou lewensversekering
14. Mediese fonds
15. Enige skuldens

Hoenderrepies in kerrie- en koljandersous

Dit kan koud of loutwarm geëet word – en saam met rys.
4 porsies

- Benodig
- 400 g (drie groot) ontbeende hoenderborsies, sonder vel

Marinade

- 250 ml (1 k) Bulgaarse jogurt
- 10 ml (2 t) vars koljander, gekap
- 2 knoffelhuisies, fyngemaak
- 5-10 ml (1-2 t) fyn komyn, of na smaak

Sous

- 15 ml (1 e) kerriepoeier
- 250 ml (1 k) mayonnaise
- 125 ml (½ k) Bulgaarse jogurt
- 125 ml (½ k) blatjang (ek verkies dié met 'n vrugtegeur, soos perske of mango)

- 1 suurlemoen se sap en fyngerasperde skil


Om voor te sit

- 'n Hand vol vars koljanderblare, gekap
- 2 ryp mango's, geskil en in skywe gesny

Jy maak só

1. Spoel die hoender goed af en droog dit dan met kombuispapier af.
2. Meng die bestanddele vir die marinade. Plaas die hoender in 'n oondbak, en giet die marinade daaroor. Bedek dit en laat dit sowat twee ure lank staan om te marineer. Voorverhit die oond intussen tot 180°C. Plaas die hoender in die oond. Verwyder dit ná 20 minute en laat dit effens afkoel.
3. Meng die sous se bestanddele en geur dit net met sout en peper. Sny die hoender in skyfies (saam met die vleis se grein). Giet die sous bo-oor. As jy dit koud wil bedien, plaas dit 'n paar uur lank in die yskas.
4. Sit dit voor met die koljander en die mango.

Kinders



Gemeente Kontakbesonderhede
Posbus 442, Bergbron, 1712
Hv Longweg en 11de str, Newlands
Kerkkantoor 011 4778534
waterval@absamail.co.za



Diens: Sondag 08.30
Gebedsgroep: Woensdag 10.00

BANKBESONDERHEDE

ABSA ,
Waterval Gemeente NPC
Rek nr: 4099924637

<u>Musiekbediening</u>	Pieter Kruger	083 443 7694
<u>Jeugbediening</u>	Renaldo de Buys	072 920 5896
<u>Besige Bye</u>	Ralie van Heerden	083 788 2317
<u>Diens van Barmhartigheid</u>		
	Thys du Preez	073 166 7465
<u>Druppels</u> Maandblad	Ds Willie	082 680 1473

GEBEDSBEDIENING

Ons het `n gebedsgroep op Woensdae om 10:00 te
Gordonweg 104, Bergbron.
Almal welkom

WHATSAPP GEBEDSGROEP

Daar is `n Waterval-gebedsgroep op whatsapp.
Indien jy belangstel om deel van hierdie groep te word,
kontak die kerkkantoor.

<https://pos.snapscan.io/qr/ljZBYsik>
Indien jy hulp nodig het, Kontak
Hannelie du Preez by die kerkkantoor




Snap here to pay

 SnapScan



Al die dienste is beskikbaar op You Tube:
Waterval Gemeente

Kom kuier saam op  facebook.
by Waterval Gemeente
en sien gemeente nuus
soos dit gebeur



SONDAG	MAAN	DINS	WOENS	DOND	VRYDAG	SATERD
			1	2	3 Nikita William	4
5 Pinkster Ronnie Britz	6	7 Christelle vd Merwe	8 Yolando de Buys Lynette Nel	9 Ina Niewoudt	10	11
12 Celeste Temple	13	14	15	16 Anita de Beer	17	18
19 Vadersdag	20 Bessie Lochner	21 Bianca Britz	22 Chris Jonker	23	24	25
26	27	28 Meisie vd Westhuizen Hannelie du Preez	29	30		

Manne ontbyt
9.30 vir 10.00